

## Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Oktober 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 62:1, 8 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,  
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 8 'n Godspraak ruis my in die oor. / Twee woorde het ek toe gehoor:  
"By God alleen is sterkte<sup>o</sup>en kragte!" / "Ook is by U die goedheid, HEER!"  
Dus is daar vir die sterfling weer / vergelding na sy werk te wagte.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 86:1, 4 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!  
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.  
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;  
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 4 'k Is gewoond in bange dae / my benoudheid U te klae:  
U, o HEER, is dan naby, / U verhoor en antwoord my.  
By die gode, hoog in ere, / is daar niemand soos die HERE;  
en geen aardse werk hou stand / by die werke van sy hand.

**Skriflesing:** Psalm 86; Heidelbergse Kategismus, Sondag 45:117-118

**Kernvers:** Psalm 86:1-2

**HERE, neig u oor, verhoor my, want ek is ellendig en behoeftig. Bewaar my siel, want 'n gunsgenoot is ek; U, my God, verlos u kneg wat op U vertrou.** (Psalm 86:1-2 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?**

*Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).*

(a) Open 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13; 16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

### **Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?**

*Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).*

*(a) Jak 1:17; Matt 6:33.*

**Tema:** Here my God, neig u oor, verhoor my gebed

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, **gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van sy kinders eis**, so bely ons wanneer daar vir ons gevra word waarom gebed vir die Christen nodig is. En op verskeie plekke in die Bybel – veral in die Nuwe Testament – word gelowiges opgeroep om gereeld en aanhoudend te bid.

Tog gebeur dit so dikwels dat 'n mens wil bid, maar sukkel om die regte woorde te kry om te bid. Miskien het dit met jou ook gebeur dat jy agtergekom het jou gebede het in 'n vaste patroon verval – jy bid vir presies dieselfde dinge in presies dieselfde volgorde. Jou gebed het 'n formule geword en is nie regtig meer 'n antwoord uit jou hart uit op die Here se Woord aan jou nie. Of andersins het die omstandighede waarin jy is jou so oorweldig dat jy nie woorde kry om jou versugting tot die Here uit te roep nie.

Die Here het reeds die belofte gegee vir die gelowige wanneer hierdie dinge met hulle gebeur, want in sy alwysheid het Hy geweet daar gaan tye in gelowiges se lewe kom dat hulle nie reg weet wat hulle moet bid nie. Daarom tree die Gees dan in vir hulle met onuitspreeklike sugtinge (Rom 8:26). Maar die Heilige Gees bid nie alleen vir die gelowige nie, want Hy gaan nie die gelowige se verantwoordelikheid om self te bid wegneem nie. Die Heilige Gees lei die gelowige ook na die Woord toe terug en veral na die psalms toe. Die psalms is nie net liedere van lof tot die Here nie. Die psalms is ook gebede wat die Here vir ons laat opteken het. Gebede wat ek en jy ook tot God mag bid.

Van al die boeke in die Bybel is die Psalms baie geliefd vir alle gelowiges. Hier lees jy woorde wat so trou aan die regte lewe is. Die egte dankbaarheid in die psalms wek jou op tot dankbaarheid en vreugde in die Here. Daar is psalms wat jou lei tot innige vertroue in die Here. Maar daar is ook psalms wat spreek van hartseer en vrees en onsekerheid. Ons psalm vanaand dra die opskrif dat dit 'n gebed van Dawid is. Ons mag inluister op sy persoonlike gesprek met die lewende God. Mag die Heilige Gees ook hierdie gebed my en jou gebed maak wanneer Hy ons met hierdie psalm leer water soort gebed God tevrede stel en ons ook leer wat ons van God mag bid.

Met ons Kategismus in die hand gaan ons terug na Psalm 86 om te hoor wat die Here ons leer oor die volgende vier sake:

- Wie die God is tot wie ons bid
- Wat ek van myself moet weet wanneer ek bid
- Wat ek van die Here mag bid
- Hoe ek seker kan wees dat God die gebed sal verhoor

Broer, suster en kind, om te sê dat 'n mens moet weet wie die God is tot wie jy bid, klink miskien vir baie gelowiges oorbodig. Ons weet mos tot wie ons bid. Ja, maar kyk wat bely ons heel eerste in antwoord 117. **'n Christen moet net die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid.**

Die volgende voorbeeld sal vir ons duidelik maak hoekom dit belangrik is om seker te wees tot wie jy bid. Almal van ons het al 'n e-pos gestuur. Elke letter, punt en teken van die

adres moet presies korrek getik word anders gaan jou e-pos nie by die regte persoon uitkom nie. Selfs net een letter te min of te veel of op die verkeerde plek maak 'n baie groot verskil aan wie die e-pos gaan ontvang. Van gebed is dit net so belangrik – jou adres moet korrek wees.

Wat bedoel ons daarmee? Onthou gebed is nie uniek aan die Christelike geloof nie. In alle godsdienste word daar ook gebed. Die Here sê baie duidelik dat die gode tot wie die heidene bid dooie beelde van silwer, goud of hout is. Hulle het oë, maar kan nie sien nie. Hulle het monde, maar kan nie praat nie. Hulle het ore, maar kan nie hoor nie (Ps 115:4-7). Die ge-bede van hulle wat tot hierdie afgode bid kom nêrens uit nie. Dit is woorde wat in die wind wegwaai.

Niemand van ons sal afgode wil aanbid nie. Ons weet mos dat ons die enigste ware God moet aanbid. Dit is reg, maar ons moet steeds die adres reg hê. Hoe dink ek en jy oor God wanneer ons tot Hom bid? Is Hy vir jou baie ver weg? Is Hy onvoorspelbaar? Is Hy in sy hart 'n harde en ongevoelige God?

As dit is hoe ek en jy oor God dink tot wie ons bid, gaan ons gebede ook niks help nie. As God vir jou baie ver weg is, is Hy mos nie besorg oor die mensies hier op aarde nie. As Hy onvoorspelbaar is, dan sal Hy miskien vandag na jou gebed luister, maar môre gaan Hy dalk nie lus voel om te luister nie. En as Hy hard en ongevoelig is, lag Hy jou miskien uit oor die versoeke waarmee jy na Hom kom.

Daarom is dit belangrik hoe jy God aanroep in jou gebed, want dit sê hoe jy oor Hom dink. Ons bid mos nie tot 'n onbekende God nie. Ons aanbid die God wat Homself in sy Woord aan ons openbaar. Kyk hoe roep Dawid Hom aan: *HERE* – die God wat sy verbond gesluit het, die God wat groot beloftes maak, die God wat Homself aan sy beloftes verbind en aan die mense aan wie Hy die beloftes maak. Omdat God Homself so aan sy mense verbind het, sal Hy hulle nie in die steek laat of ignoreer nie. Sy verbintenis aan sy mense is nie net woorde nie. Sy beloftes is vas en seker in die bloed van sy Seun Christus.

As jy weet wie die God is tot wie jy bid, maak dit 'n baie groot verskil aan jou gebed. Dawid noem Hom *my* God – nie omdat Dawid Hom gekies het nie, maar omdat God vir Dawid ge-kies het en liefhet. Omdat Dawid die Here innig ken, kan hy Hom reguit vra: **Wees my genadig, o Here**, want dit is hoe hy die Here ken. Kyk na vers 5 – die Here is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid. En in vers 15 sê Dawid nog verder:

**Maar U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.** (Psalm 86:15 AFR53)

In verwondering en eerbied roep Dawid die Here so aan, want hy ken Hom as die enigste God en net God kan wonders doen (Ps 86:10). Maar hoekom sê Dawid dit, waarom sê hy hoe die Here is? Hy sê dit nie om die Here te herinner aan wie Hy is nie. Hy sê dit om hom-self deurentyd te herinner wie God is.

Dit is goed om jouself heelyd in jou gebed ook so te herinner aan wie God is. Prys Hom oor wie Hy is, want Hy is barmhartig, genadig, Hy vergewe sondes en Hy is regverdig. Die gelowige roep die enigste God so aan, want ...

Die gelowige ken sy nood en ellende reg en grondig sodat hy homself voor die lewende God en Koning kan verootmoedig. Dit is nou nogal iets waarmee ons sukkel. Ons huiwer om hulp te vra. As jy moet stop en rigting vra, erken jy dat jy verdwaal het. As jy iets swaar moet dra en hulp vra, erken jy dat jy swak is. En dit wil ons van nature nie graag doen nie.

As gelowige gunsgenoot van die Here het Dawid sommer heel aan die begin van sy gebed sy nood en ellende uitgeroep:

**HERE, neig u oor, verhoor my, want ek is ellendig en behoeftig.**  
(Psalm 86:1 AFR53)

Alhoewel Dawid die koning van Israel is en alle fondse en 'n hele weermag tot sy beskikking het, sê hy dat hy ellendig en behoeftig is. Hy weet, sonder die Here, is hy niks nie en beteken sy weermag niks nie. As gelowige ken Dawid homself as 'n sterflike sondaar – hy is te swak om die sonde te weerstaan, te onkundig om die waarheid van God te vind, te opstandig om homself uit eie krag aan God te onderwerp.

Gelowige, as jy die Here met jou gebed tevrede wil stel, moet jy jouself verneder en jou skuld en swakheid eerlik voor die Here bely. Moenie trots wees en dink dat jou sondes nie so erg is nie of dat jy nie die Here vertoorn het nie. Die Here weerstaan die trotsaards, maar Hy is genadig teenoor die nederiges (1 Pet 5:5).

Moenie jou sonde en swakheid probeer wegsteek nie, want dan moet jy heeltyd daarmee saamleef. Kom uit daarmee. Sê dit vir die Here. Jy ken Hom mos as die God wat sondes vergewe. Ja, Hy is regverdig en verdra nie die sonde nie. Maar as jy Hom ken as die enigste God wat ook sy verbond met jou bevestig het, sal jy ook weet dat Hy sy Seun juis oorgegee het om jou skuld aan die kruis te betaal. Daarom kan jy Hom om genade smee en vra dat Hy, ter wille van die bloed van Christus, jou sondes en jou sondigheid nie moet toereken nie maar dit vergewe.

Is dit hoe ek en jy maak in gebed? Neem ons heel eerste toevlug tot die Here in gebed en smee Hom om hulp? Of probeer jy eers alles wat jy kan doen en as dit nie werk nie, vra jy die Here? Onthou, die Here weerstaan die trotsaards, maar Hy is genadig teenoor die nederiges. Daarom ken jou eie ellende en nood en nader tot God in gebed. Hy is die God wat sy kinders wil help.

En wat kan die gelowiges alles by die Here vra in gebed? **Alle geestelike en liggaamlike behoeftes**. So baie maal gebeur dit dat kinders hulle ouers iets vra en dan 'n snedige of sarkastiese antwoord kry. As die kind vir die soveelste keer vir nog iets geld moet vra, sê 'n pa miskien te vinnig: Lyk dit of geld op my rug groei?

Die Here betoon Homself heeltemal anders. Hy is die gelowige se heilige Vader wat in die hemel is. Hy sal nooit iets weghou van sy kind as sy kind dit nodig het nie. Jou behoefte aan liggaam of siel is nooit te groot vir die Here nie. Luister net wat vra Dawid vir die Here: **Bewaar my siel**. Daarmee vra Dawid: Here, alles wat ek is en wat ek sal wees en alles wat vir my dierbaar en kosbaar is, sal u dit bewaar. Waar ek in gevaar is, sal u my beskerm. Waar ek iets kortkom, sal u dit gee. Waar ek stukkend geraak het, sal u dit herstel.

Gelowige, jy kan alles wat jy vir jou liggaam nodig het vir die Here vra. As jy werk nodig het, vra vir die Here. As jy vervoer nodig het, vra Hom om jou te help. As jy gesondheid nodig het, vra die Here. Jesus vat al ons liggaamlike behoeftes saam wanneer Hy ons leer om te vra: **Geen ons vandag ons daaglikse brood**.

Dawid het die vyand gesien nader kom. Hulle swaarde flits en hulle oë vlam van haat teenoor hom. En wat dit nogal erg gemaak het, is dat hierdie vyande hulle glad nie kwel oor die Here nie (Ps 86:14). Jy werk miskien saam met 'n kollega wat agterbaks is. Of

miskien is daar 'n skoolmaat wat jou heeltyd voor ander maats verneder en spot. Selfs oor hierdie dinge kan jy vra: Here, help my.

Maar gelowiges se vyande is nie altyd mense van vleis en bloed nie. Dit kan die wêreld met sy verleidings wees wat meedoënloos aanhou om jou te probeer wegtrek van die Here af en van agteraf stoot jou sondige geaardheid terwyl hy in jou oor fluister: Ag, kom nou man, jy kan tog seker een Sondag van die erediens af wegbly en iets lekkers gaan doen. Jy kan mos die lewe geniet ook en hoef nie altyd tussen 'n klomp gelowiges te wees nie.

Vir hierdie onsigbare vyande het ons glad nie self die krag om staande te kan bly nie. Daarom moet ons aanhoudend vra dat die Gees van die Here ons sal lei en versterk sodat ons nie voor die versoekings sal swig nie. Laat ek en jy dan saam met Dawid bid:

**Leer my, HERE, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam.** (Psalm 86:11 AFR53)

Aan die hand van Psalm 86 het die Heilige Gees ons daarop gewys dat 'n gebed wat die Here tevrede stel 'n gebed is waarin jy as gelowige die Here aanroep soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar en dat jy jou eie swakheid en ellende grondig moet ken. Daarby het God jou ook verseker dat alles wat jy vir liggaam en siel nodig het vir Hom moontlik is om dit vir jou te gee. Maar nou bly daar nog een saak oor: Hoe kan jy seker wees dat God jou gebed sal verhoor?

Die hele gebed van Dawid getuig van die vertroue wat hy in die Here het. Hy is nie eers huiwerig om in die gebed te sê wat hy weet die Here sal doen nie. Luister net weer:

**In die dag van my benoudheid roep ek U aan, want U verhoor my.**  
(Psalm 86:7 AFR53)

Miskien dink jy dit is darem 'n bietjie voor op die wa om so te bid. Dawid weet egter dat sy gebed die ore van die Here sal bereik en Hy sal Dawid se gebed verhoor. Nou vra jy: Hoe kon hy so seker wees? Wel, kyk weer na die gebed – Dawid ken die Here tot wie hy bid. Die Here het al in die verlede sy gebede verhoor, kyk na vers 13. En Dawid het hom in die Woord van die Here verdiep. Alles wat Dawid van die Here genoem het in die gebed, kom uit die Skrif. Die Here is barmhartig en genadig en lankmoedig en getrou.

Dawid weet dit nie net nie. Hy glo dit ook. Hy sê dit self aan die begin van die gebed: **U, my God, verlos u kneg wat op U vertrou.** Omdat jy as gelowige die Here ook ken, het jy ook die vaste grond dat God jou gebed ter wille van Christus wil verhoor al verdien jy dit nie. Die Here self is die waarborg dat jy met vertroue kan bid en glo dat God jou gebed sal verhoor.

Ja, dit mag wees dat die Here se antwoord op jou gebed nie is wat jy gevra het nie en miskien is jy selfs teleurgestel oor die antwoord. Jy kan jouself aanhou herinner dat die Here die God is op wie jy kan vertrou. Hy is die God tot wie jy dag en nag kan roep en Hy gaan nie moeg word vir jou gevra nie. Hy het belowe dat Hy ter wille van Christus sy kinders se gebede wil verhoor.

Daarom broers, susters en kinders, laat ons saam met Dawid en saam met ons Verlosser bid: HERE, neig u oor, verhoor my, want ek is ellendig en behoeftig. Bewaar my siel. Ek weet en vertrou dat U my gebed wil verhoor.

**Amen!**

## Slotgebed

Psalm 86:6, 8 (p. 433)

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig  
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
28 Oktober 2018